# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare **koninkryk** ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 1** **3 April 2009 AD**


# PRO REGNO - VIR DIE KONINKRYK

## Inhoudsopgawe


- Boekresensie: *Beale, dr. G.K. The Erosion of Inerrancy in Evangelicalism*, deur S. Le Cornu
- Die Chicago Verklaring van Bybelse Foutloosheid
- Boekresensie: *Buytendach, dr. F. W.: Aspekte van die vorm-inhoud problematiek m.b.t. die organiese Skrifinspirasie in die Nuwere gereformeerde teologie in Nederland,* deur S.J. van der Walt


**Resensie: Beale, G.K. 2008. *The Erosion of Inerrancy in Evangelicalism. Responding to New Challenges to Biblical Authority*. Wheaton, Illinois: Crossway Books. 300 bl.**

### Inleidend

*Pro Regno* is die nuwe populêre nuusbrief van die Esra Instituut. Die akademiese tydskrif, die *Esra Verslag*, sal nogsteeds jaarliks gepubliseer word.[1]
Die eerste uitgawe van die *Pro Regno* tydskrif word afgestaan aan die belangrike onderwerp: Skrifgesag en Skrifbeskouing, wat onderliggend is aan die kerklike krisisse en *leer*verskille (postmodernisme: *menings*verskille) wat ons vandag beleef.

Daar is twee boekresensies, die eerste een van 'n boek wat laasjaar uitgegee is, en die tweede resensie van 'n boek wat reeds in 1972 verskyn het. Let op hoe beide boeke dieselfde krisis in Skrifgesag aanspreek, eersgenoemde vanuit die engelse evangelies-gereformeerde wêreld, en laasgenoemde vanuit die kontinentale nederlands-gereformeerde wêreld.

GK Beale[2] het 'n boek geskryf wat wesentlik relevant is vir die huidige debat in kerklike kringe, veral in die GKSA. Dit handel oor vrae rakende Skrifgesag en Skrifbeskouing. Net die lees van die inhoudsopgawe sal dadelik 'n mens se oog vang:

- Is a Traditional Evangelical View of Scripture's Authority Compatible with Recent Developments in Old Testament Studies?

- Is a Traditional Evangelical View of Scripture's Authority Compatible with Recent Developments in the Study of the Old Testament in the New?

- A Specific Problem Confronting the Authority of the Bible: Should the New Testament's Claim That the Prophet Isaiah Wrote the Whole Book of Isaiah Be Taken at Face Value?

- Can Old Testament Cosmology Be Reconciled with Modern Scientific Cosmology?

- Appendix 1: Postmodern Questions of Authorial Intent, Epistemology, and Presuppositions and Their Bearing on the Authority of the Old Testament in the New

- Addendum to Appendix 1: Brief Reflection on the Relationship of Globalism to Postmodernism

---

[1] Maar onthou, ons het nog nie gesê 'watter jaar' nie.

[2] **G.K. Beale** is Kenneth T. Wessner Chair of Biblical Studies and Professor of New Testament at Wheaton College. Ph.D. - Divinity, University of Cambridge in Cambridge, England (concentrated in Greek and Hebrew exegesis) 1981. Th.M. - Dallas Theological Seminary in Dallas, Texas, U.S.A. (concentrated in Greek, Hebrew, biblical and theological studies; graduated with honors in the Department of Semitics and Old Testament) 1976. M.A. - History, Southern Methodist University in Dallas, Texas, U.S.A. (concentration in Augustinian and Reformation studies) 1976. B.A. - Humanities at Southern Methodist University in Dallas, Texas, U.S.A. (majored in Philosophy and History) 1971. Prior to joining the Wheaton Graduate School faculty in the Fall of 2000, Dr. Beale served as a guest assistant and assistant professor of Biblical studies in the Department of Religion and Philosophy at Grove City College in Grove City, Pennsylvania (from 1980 to 1984). (Bron: http://thirdmill.org/sermons). Beale het die volgende boeke geskryf*: John's Use of the Old Testament in Revelation, The Book of Revelation*. New International Greek Testament Commentary Series; *Editor of Right Doctrine From Wrong Texts? Essays on the Use of the Old Testament in the New Testament; The Use of Daniel in Jewish Apocalyptic Literature and in the Revelation of St. John*. Co-editor with DA Carson, *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament*.

- Appendix 2: Chicago Statement on Biblical Inerrancy with Exposition

- Appendix 3: Selected Quotations from Karl Barth's Church Dogmatics on the Fallible and Errant Nature of Scripture

Die boek is 'n verwerking van akademiese artikels wat Beale geskryf het oor 'n klompie jare in antwoord op 'new challenges' (lees: postmoderne uitdagings) wat die gesag van die Skrif aantas. Hy gaan spesifiek in gesprek met twee teoloë, Peter Enns en Steven Moyise, laasgenoemde wat 'n paar lesings kom gee het by die Teologiese Skool van Potchefstroom, in my studentejare (2002-2006).

Hoofstuk 1 tot 4 is artikels wat hy gepubliseer het in antwoord op Enns, waarin hy die volgende sake aanspreek:
i. Kan die Bybel mites bevat en nogsteeds gesaghebbend wees (Enns beweer baie gedeeltes in Genesis is mitologies) ?

ii. Kan die leerstuk van die inspirasie van die Heilige Skrif nog gehandhaaf word as die Skrif onakkurate inligting van die geskiedenis bevat (daar word beweer die Bybel is foutloos oor verlossingswaarhede maar nie oor historiese waarhede nie) ?

iii. Kan Christus en die apostels se verklarings nog as gesaghebbend aanvaar word vir die kerk as hul die OT buite konteks of verkeerd verklaar/toegepas het ("Enns answers the question 'did Jesus and the apostles preach the right doctrine from the wrong texts?' with a resounding 'yes,' and he says that God's people today should do the same." [105]) ?

Beale se antwoord op al hierdie vrae is 'n duidelike 'Nee', en hy gee 'n deeglike bybels-teologiese uiteensetting vir sy antwoord.

In hoofstuk 5 bespreek Beale die vraag of Jesaja 40-66 deur 'n ander outeur geskryf is. Sy tese is dat Jesus en die NT skrywers verwys herhaaldelik daarna dat daardie hoofstukke ook van Jesaja afkomstig is, en is daarom van mening dat 'n mens nie die absolute gesag van die Skrif en van Christus kan handhaaf en nogsteeds laasgenoemde ontken nie.

In hoofstuk 6 en 7 bespreek hy bybelse kosmologie in verband met moderne wetenskaplike beskouings. Hy meen dat die OT nie mitologiese beelde gebruik om die kosmos te verklaar nie, maar teologies-simboliese beskrywings gee van die kosmos wat nie in stryd is met huidige kosmologiese bevindings nie. Baie van die kosmologiese beskrywings in die Bybel was beskrywings soos die blote oog dit gesien het, die doel was nie om 'wetenskaplike beskrywings' te gee nie, en was dus nie 'foutief' nie [218]:

> I have labored to demonstrate that the Old Testament's view of the cosmos does not pose problems for the modern-day Christian's trust in the divine authority of the Old Testament. Its cosmic portrayals are not reflections of a naïve, ancient worldview. Many of these depictions are phenornenological and figurative in various ways, as we have discussed. Many also are theological perceptions of the cosmos as a massive temple or parts of such a temple. Such descriptions enhance our theological perception of how God understands the cosmos—it is his temple in which he dwells. If our analysis about the cosmos being a temple is correct for the most part, then we today should have the same theological perspective.

Volgens Beale, het liberale teoloë nog altyd die bybelse kosmologie aangeval om daardeur die Bybel se feilbaarheid te probeer bewys, en by implikasie ook die gesag van die Bybel te bevraagteken. Wat vandag bygekom het, onder die invloed van die postmodernisme, is dat selfs uit evangeliese kringe hierdie aanval ook nou na vore kom teen die bybelse kosmologie.

Juis daarom wys Beale deur sy boek dat die postmodernistiese poging om die Bybel as gesaghebbend te beskou, maar vol met weersprekings en foute, nie gehandhaaf kan word nie. Hy weerlê dan ook in sy boek verskeie sogenaamde 'weersprekings' en 'foute' wat sekeres meen in die Bybel voorkom.

'n Baie belangrike aspek van Beale se boek is dat hy die probleem ook aanspreek wat meen: "die Bybel is nie foutloos nie, maar wel onfeilbaar ...". Hy skryf [220]:

> The new challenges to the absolute authority of Scripture that we have examined in this book ultimately are a new version of an older view known as the infallibility of the Bible. Here infallibility becomes a preferred word to inerrancy, since the former conveys a notion of Scripture as incapable of misleading in areas of theological doctrines, whereas inerrancy affirms that whatever the Bible addresses is without error. Those who held to infallibility did so, since it allowed them to maintain Scripture's authority without holding to inerrancy. Those holding only to infallibility today do so for the same reason. The mere infallibility view inevitably means that the interpreter is the one who decides which parts of the Bible are mistaken and which are correct, which are not theological and which are. This is a precarious position, since ultimately each interpreter or interpretative community decides what constitutes infallible Scripture. Packer repeatedly noted the problem of the infallibility view back in the

> 1950s. He said it was a subjectivist view; that is, the extent of the truth of the Bible is dependent on the interpreter.

Nog 'n moderne aanval op die gesag van die Skrif is om te beweer die Bybel het 'foute' volgens ons moderne definisie van wat kwalifiseer as 'n 'fout', maar volgens die antieke bybelse skrywers kwalifiseer ons moderne 'foute' nie as antieke 'foute' nie. Beale skryf [221]:

> Some of the more recent challenges noted in this book are issued by those who would object to this analysis and say that all of Scripture is inspired, not just the doctrines, since what we would call "errors" in the Bible, by our modern definition of error, would not have been viewed as errors by the ancient biblical writers and readers. Consequently, what is not true for us was true for them. This, however, is a postmodern view of truth and falsehood, which I have argued against. This view really understands that to a significant extent truth is relative. Thus, it is a veiled form of the infallible perspective.

Appendiks 1 alleen maak die boek al die moeite werd. In hierdie appendiks wys hy op die problematiek van 'n postmoderne hermeneutiek, asook die antwoord daarop, 'n Christelike of bybelse epistemologie[3] [224]:

> In essence, postmodern interpreters contend that we cannot be sufficiently confident about understanding the biblical writers, since our presuppositional lenses shape and, indeed, distort our interpretations of the Bible. Thus, even so-called evangelical postmodernists go so far as to affirm at times that we shape and often distort the meaning of biblical passages according to the image of our socially constructed ideas rather than let the ideas of the biblical writers be the dominant force shaping our views. It is this idea to which I now respond. This appendix will deal with how we can know the meaning of ancient authors' writings and be reasonably confident in our interpretations of them. Hence, I am primarily concerned with explaining a Christian or biblical epistemology, and I will argue that we can sufficiently, but not exhaustively, understand the meaning of biblical authors' writings.

In die proses wys hy hoe 'n 'sagte postmodernisme' ook die gesag van die Bybel aantas, wanneer hy in gesprek gaan met Steven Moyise. Moyise beweer dat die leser van die Teks *ontdek* nie die inherente betekenis van die Teks nie, maar *skep* die betekenis deur die leesproses [229]:

> Two hermeneutical presuppositions form the foundation for this (Moyise's -SLC) conclusion: "We have no access to the author's 'intention' ", and (2) "Meaning is not a 'given' but has to be 'created' by the reader." Modern readers like Moyise, who operate with these assumptions of reader-response criticism, especially the notion that readers, not original authors, create meaning, usually assume that the readers of their own works are not left to create new meanings but can discover rather easily their own original intention. This is a significant inconsistency.

Positief gestel, is Beale se Skrifbeskouing, in lyn met dit wat ons nog altyd glo volgens ons belydenis in NGB artikel 2-7 aangaande die Skrif. Ons kan God ken in en deur Christus sodat ons weet waar ons verlossing vandaan kom en hoe om tot sy eer moet lewe (art.2). Ons kan die Skrif genoegsaam ken (art.7), die Skrif is gesagvol (art.5) en is aan ons ge-openbaar in die geskiedenis (art.3). Teen die Heiliges Skrif kan 'niks' ingebring word nie (art.4).

Daarom kan ons as gereformeerdes ten volle instem met die volgende woorde van Beale in die huidige krisis oor die gesag, duidelikheid en kenbaarheid van die Skrif [258]:

> While it is true that we do not attain knowledge from the standpoint of neutrality with the Bible, it is true that we can perceive God's in-breaking revelatory presence and communication as that which enables us to see through our aberrant presuppositional lenses and to apprehend God's unerring truth from his perspective or lens. If professing Christians are left with only a closed circle in which our biases influence our interpretation of the Bible, and our resulting jaundiced view of Scripture's interpretation further forms our theological biases, though purportedly led by the Spirit, then all we can do is attempt to evaluate which socially constructed theological tradition best represents Scripture. Furthermore, to attribute the leading of the Spirit to that which guides Christian communities and traditions to different, even mutually exclusive, views of biblical truth is an attempt to baptize a postmodern approach with Christian terminology.
>
> (Nota: Die hantering van die vrou in die besondere ampte kwessie in die GKSA, is sekerlik een van die beste voorbeelde van hierdie 'postmoderne doop' wat besig is om plaas te vind.)

[3] Kenleer: hoe weet ons wat ons weet.

> Therefore, while it is, indeed, not possible for people, in any ultimate way, to start reading the Bible independently and to be informed by Scripture alone, as if their mind were a blank slate, they can start having true knowledge by having their minds and hearts penetrated by God's in-breaking revelatory presence and Word, which begins to form or reform in them his lenses of reality (e.g., see 1 Cor. 2:10—16; 1 John 5:20). Thus, it is sinful to try to be objective in the sense of trying to perceive Scripture's meaning only by oneself, since we should want God's subjective though true perspective on truth, which can break through the distorting lenses we wear and lead us into the truth.
>
> God is transcendent and separate from the world he has created and from all the sinfully tainted social constructs that his creatures have built. Nevertheless, he has created them to share partly in his attributes in that he has created them to reflect his image and to have some sufficient meaning of his communicative acts of special revelation, especially those who are Christians and have been created in the image of Christ, and who "have the mind of Christ" (1 Cor. 2:16).
>
> But how does all this hermeneutical theory affect our subject of the authority of Scripture, including the New Testament's authoritative use of the Old Testament? *If we cannot know what God has communicated to us in his inspired Scripture, then his authoritative Word has no binding relation to us. What good is an authoritative word of God, if we cannot know what that word has said ? This is the ultimate danger of postmodern perspectives on interpreting' the Bible.*

Beale vereenselwig hom met die "Chicago Statement on Biblical Inerrancy" wat in 1978 opgestel is deur 'n klomp 'evangelicals', en wat hy as appendiks 2 in sy boek geplaas het [267]. Dit verwoord sy eie Skrifbeskouing. Die afrikaanse weergawe word hieronder geplaas vir u aandag. Belangrik vir die SA debat, is om te let op artikel 11 (kursief bygevoeg):

> Ons bevestig dat die Skrif, wat deur goddelike inspirasie ingegee was, *onfeilbaar* is, sodat, dit vêr daarvan is om ons te mislei, maar waar en betroubaar is in al die sake wat dit aanspreek.
> Ons ontken dat dit vir die Bybel moontlik is om in sy verklarings *terselfdertyd* onfeilbaar en foutief te wees. Onfeilbaarheid en foutloosheid mag *onderskei* maar nie geskei word nie.

Dit wil voorkom asof baie teoloë (en predikante) die term 'foutloosheid' vermy omdat dit sogenaamd 'fundamentalisties' is, en eerder die tema 'onfeilbaarheid' verkies. Maar dit is 'n valse teenstelling.
*Eerstens*, as 'n mens Beale (en die Chicago verklaring) se verduideliking van die term 'foutloosheid' lees, dan verstaan 'n mens dat 'foutloosheid' juis in lyn is met wat ons histories verstaan as 'onfeilbaarheid':

> Artikel 13: Ons bevestig die gepastheid om foutloosheid as 'n teologiese term, met verwysing na die volledige waaragtigheid van die Skrif, te gebruik.
> Ons ontken dat dit toepaslik is om die Skrif volgens standaarde van waarheid en dwaling, wat tot die gebruik en doel daarvan vreemd is, te evalueer. Ons ontken verder dat foutloosheid deur Bybelse gebeure soos: 'n gebrek aan hedendaagse tegniese presisie; onreëlmatighede van taalleer of spelling; waarnemingsbeskrywings van die natuur; die rapporteer van valshede; die gebruik van hiperbole en geronde getalle; die tematiese rangskikking van stof; verskeie seleksies van stof in parallelle weergawes; òf die gebruik van vrye aanhalings, negeer word.

*Tweedens*, die teenstelling tussen die 'foutloosheid' van die Skrif en die 'onfeilbaarheid' van die Skrif is arbitrêr en nie haalbaar nie. Onfeilbaarheid sluit 'foutloosheid' in en nie uit nie, dit *veronderstel* dit.
Die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (en die HAT) se verklaring van 'onfeilbaar' is as volg:

"onfeilbaar, ..bare. 1. Wat nooit 'n fout maak nie. 2. Wat altyd suksesvol is. onfeilbaarheid."

**Aanbeveling**
Ek wil hierdie boek ten sterktste aanbeveel by elkeen wat erns maak met onderwerpe soos Skrifbeskouing, Skrifgesag, verhouding tussen OT en NT, hermeneutiek, epistemologie, kosmologie en postmodernisme. 'n Mens sal sekerlik nie met elke bladsy saamstem in die boek nie, maar die boek adem 'n gees van geloofswetenskap, van iemand wat besig is om te doen wat prof. Joe Pipa eenmaal gesê het (vry vertaal): ons moet nie aanbid *en* studeer nie, ons moet aanbid *terwyl* ons studeer.

Die boek is beskikbaar by **Augustine Bookroom** in Pretoria teen R150-00: Tel: 012 993 4606 Webblad: www.augustine.co.za.

# DIE CHICAGO VERKLARING AANGAANDE BYBELSE FOUTLOOSHEID*

## 1. VOORWOORD

1.1 Die gesag van die Bybel is 'n sleutelsaak vir die Christelike Kerk in hierdie en alle tye. Diegene wat geloof in Jesus Christus as Here en Verlosser bely word geroep om die werklikheid van hulle dissipelskap te toon deur God se geskrewe Woord nederig en gelowig te gehoorsaam. Om in geloof of in gedrag van die Skrif af te dwaal is ontrouheid teenoor ons Meester. Herkenning van die totale waarheid en betroubaarheid van die Heilige Skrif is wesentlik vir 'n volle begrip en genoegsame belydenis van die gesag daarvan.

1.2 Die volgende Verklaring bevestig, opnuut, hierdie foutloosheid van die Skrif, maak ons verstaan daarvan duidelik en waarsku teen die ontkenning daarvan. Ons is oortuig daarvan dat om dít te ontken daaraan gelyk is om die getuienis van Jesus Christus en die Heilige Gees ter syde te stel, en om daardie onderwerping aan die aansprake van God se eie Woord, wat die ware Christelike geloof kenmerk, te weier. Ons sien dit as ons tydige plig om hierdie saak te bevestig ten aansien van die huidige afval van die waarheid aangaande foutloosheid onder ons mede Christene en misverstand van hierdie leer in die wêreld oor die algemeen.

1.3 Hierdie Verklaring bestaan uit drie dele: 'n Opsommende Stelling, Artikels van Bevestiging en Ontkenning, en 'n meegaande Uiteensetting*. Dit was deur die loop van 'n driedaagse konsultasie in Chicago voorberei. Diegene wat die Opsommende Verklaring en die Artikels onderteken het wens om hul eie oortuiging oor die foutloosheid van die Skrif te bevestig en om mekaar en alle Christene tot groeiende waardering van en begrip vir hierdie leer aan te moedig en op te roep. Ons erken die perke van 'n dokument wat oor 'n kort, intensiewe konferensie voorberei was en stel nie voor dat aan hierdie Verklaring die gewig van 'n belydenisskrif toegeskryf word nie. Tog verbly ons ons in die verdieping van ons oortuigings deur ons gesamentlike besprekings, en ons bid dat die Verklaring wat ons onderteken het, tot die verheerliking van ons God, onderweg na 'n nuwe reformasie van die Kerk in haar geloof, lewe, en opdrag gebruik mag word.

1.4 Ons bied hierdie Verklaring in 'n gees, nie van twis nie maar, van nederigheid en liefde aan, wat ons deur God se genade onderneem om, in enige toekomstige gesprek wat hieruit mag voortvloei, te handhaaf. Ons erken blymoedig dat talle wat die foutloosheid van die Skrif ontken die konsekwensies van hierdie ontkenning nie in die res van hul geloof en gedrag vertoon nie, en ons is bewus dat ons, wat hierdie leer bely, dit in lewe dikwels ontken deur nie daarin te slaag om ons gedagtes en dade, ons tradisies en gewoontes in ware onderwerping aan die goddelike Woord te bring nie.

1.5 Ons nooi respons op hierdie verklaring van enigeen uit wat rede sien om hierdie bevestigings oor die Skrif, in die lig van die Skrif self, onder wie se onfeilbare gesag ons in ons gesprek staan, te wysig. Vir die getuienis wat ons lewer maak ons op geen persoonlike onfeilbaarheid aanspraak nie, en vir enige hulp wat ons in staat stel om hierdie getuienis van God se Woord te bekragtig, sal ons dankbaar wees.

## 2. 'N KORT VERKLARING

2.1 God, wat Self Waarheid is en slegs waarheid spreek, het die Heilige Skrif geïnspireer om Homself daardeur aan 'n verlore mensdom deur Jesus Christus as Skepper en Here, Verlosser en Regter te openbaar. Die Heilige Skrif is God se getuienis aan Homself.

2.2 Die Heilige Skrif, God se eie Woord, deur mense wat deur sy Gees voorberei is en onder sy toesig staan geskryf was, het onfeilbare goddelike gesag in alle sake wat dit aanraak: in alles wat dit bevestig moet dit as God se onderwysing geglo word, in alles wat die eis; moet dit as God se bevel gehoorsaam word, in alles wat dit belowe moet dit as God se waarborg omhels word.

2.3 Die Heilige Gees, die Skrif se goddelike Outeur, waarmerk dit vir ons deur sy innerlike getuienis sowel as om ons verstand te open ten einde die betekenis daarvan te verstaan.

2.4 Dit is geheel en verbaal Godgegewe, die Skrif is in al sy onderwysing sonder fout of gebrek, nie minder nie in wat dit aangaande God se skeppingsdade, die gebeure van die wêreldgeskiedenis, en sy eie literêre oorsprong stel nie, as in sy getuienis van God se reddende genade in individuele lewens.

2.5 Die gesag van die Skrif word onvermydelik belemmer indien hierdie totaal goddelike foutloosheid op enige wyse beperk of verontagsaam word, òf relatief tot 'n waarheidsbeskouing, wat met dié van die Bybel in stryd is, gemaak word; en sodanige afval bring ernstige verlies vir beide die indiwidu en die Kerk mee.

## 3. ARTIKELS VAN BEVESTIGING EN ONTKENNING

Artikel 1

3.1 Ons bevestig dat die Heilige Skrifte as die gesaghebbende Woord van God ontvang moet word.
Ons ontken dat die Skrifte hul gesag van die Kerk, tradisie, of enige ander menslike bron ontvang.

Artikel 2

3.2 Ons bevestig dat die Skrifte die hoogste geskrewe norm is waardeur God gewetens bind, en dat die gesag van die Kerk aan die van die Skrif onderwerp is.
Ons ontken dat Kerklike geskrifte, vergaderings, of verklarings enige groter of gelykwaardige gesag met die gesag van die Bybel het.

Artikel 3

3.3 Ons bevestig dat die geskrewe Woord in sy geheel openbaring is wat deur God gegee is.
Ons ontken dat die Bybel bloot 'n getuienis van openbaring is, of slegs openbaring in ontmoeting word, of vir sy geldigheid van die respons van mense afhanklik is.

Artikel 4

3.4 Ons bevestig dat God, wat die mensdom na sy beeld geskape het, taal as 'n openbaringsmiddel gebruik het.
Ons ontken dat menslike taal so deur ons kreatuurlikheid beperk is dat dit as 'n middel vir goddelike openbaring ongenoegsaam is. Ons ontken verder dat die verderf van die menslike kultuur en taal deur die sonde God se inspirasie werk verongeluk het.

Artikel 5

3.5 Ons bevestig dat God se openbaring in die Heilige Skrifte progressief was.
Ons ontken dat latere openbaring, wat vroeëre openbaring mag vervul, dít ooit korrigeer of weerspreek. Ons ontken verder dat enige normatiewe openbaring sedert die voltooiing van die Nuwe Testamentiese geskrifte gegee was.

Artikel 6

3.6 Ons bevestig dat die geheel van die Skrif en al die dele daarvan, tot by die juiste woorde van die oorspronklike, deur goddelike inspirasie ingegee was.
Ons ontken dat die inspirasie van die Skrif van die geheel, sonder die dele òf van sommige dele, maar nie die geheel nie, reg bevestig kan word.

Artikel 7

3.7 Ons bevestig dat inspirasie die werk was, waarin God met sy Gees, deur menslike skrywers, sy Woord aan ons gegee het. Die oorsprong van die Skrif is goddelik. Die modus van goddelike inspirasie bly grootliks 'n misterie.
Ons ontken dat inspirasie tot menslike insig òf tot hoër bewussynstoestande van enige aard verskraal kan word.

Artikel 8

3.8 Ons bevestig dat God in sy inspirasie Werk die onderskeidende persoonlikhede en literêre style van die skrywers, wat Hy gekies en voorberei het, gebruik het.
Ons ontken dat God hierdie skrywers se persoonlikhede ter syde gestel het deur te veroorsaak dat hulle die juiste woorde gebruik het wat Hy gekies het.

Artikel 9

3.9 Ons bevestig dat inspirasie, hoewel dit nie alwetendheid oordra nie, wel ware en betroubare uitinge, oor alle sake waaroor die Bybel outeurs beweeg was om te skryf en te praat, gewaarborg het.
Ons ontken dat die eindigheid of verdorwenheid van hierdie skrywers, deur noodsaak of andersins, vertekening of valsheid in God se Woord ingebring het.

Artikel 10

3.10 Ons bevestig dat inspirasie, streng gesproke, slegs op die outografiese teks van die Skrifte van toepassing is, wat in die voorbeskikking van God uit beskikbare manuskripte met hoë akkuraatheid vasgestel kan word. Ons bevestig verder dat kopieë en vertalings van die Skrif die Woord van God is in soverre dít die oorspronklike getrou voorstel.
Ons ontken dat enige essensiële element van die Christelike geloof geaffekteer word deur die afwesigheid van die outografieë. Ons ontken verder dat hierdie afwesigheid die aanspraak van Bybelse foutloosheid òf ongeldig òf irrelevant maak.

Artikel 11

3.11 Ons bevestig dat die Skrif, wat deur goddelike inspirasie ingegee was, onfeilbaar is, sodat, dit vêr daarvan is om ons te mislei, maar waar en betroubaar is in al die sake wat dit aanspreek.
Ons ontken dat dit vir die Bybel moontlik is om in sy verklarings terselfdertyd onfeilbaar en foutief te wees. Onfeilbaarheid en foutloosheid mag onderskei maar nie geskei word nie.

Artikel 12

3.12 Ons bevestig dat die Skrif in geheel foutloos is, vry van alle valsheid, bedrog, of bedrieglikheid.
Ons ontken dat die Bybelse onfeilbaarheid en foutloosheid tot geestelike, religieuse, of verlossingstemas beperk is, (en) aansprake in die velde van geskiedenis en wetenskap

uitsluit. Ons ontken verder dat wetenskaplike hipoteses oor die aarde se geskiedenis na behore gebruik mag word om die onderwysing van die Skrif oor die skepping en die vloed op te hef.

Artikel 13

3.13 Ons bevestig die gepastheid om foutloosheid as 'n teologiese term, met verwysing na die volledige waaragtigheid van die Skrif, te gebruik.
Ons ontken dat dit toepaslik is om die Skrif volgens standaarde van waarheid en dwaling, wat tot die gebruik en doel daarvan vreemd is, te evalueer. Ons ontken verder dat foutloosheid deur Bybelse gebeure soos: 'n gebrek aan hedendaagse tegniese presisie; onreëlmatighede van taalleer of spelling; waarnemingsbeskrywings van die natuur; die rapporteer van valshede; die gebruik van hiperbole en geronde getalle; die tematiese rangskikking van stof; verskeie seleksies van stof in parallelle weergawes; òf die gebruik van vrye aanhalings, negeer word.

Artikel 14

3.14 Ons bevestig die eenheid en interne ooreenstemming van die Skrif.
Ons ontken dat beweerde foute en verskille wat nog nie opgelos is nie die waarheidsaansprake van die Bybel vernietig.

Artikel 15

3.15 Ons bevestig dat die foutloosheidsleer in die Bybel se onderwysing oor inspirasie gegrond is.
Ons ontken dat Jesus se leer oor die Skrif, deur beroepe op akkommodasie òf ten aansien van enige natuurlike beperking van sy menslikheid, verwerp mag word.

Artikel 16

3.16 Ons bevestig dat die foutloosheidsleer integraal tot die Kerk se geloof deur die geskiedenis was.
Ons ontken dat foutloosheid 'n leer is wat deur die Skolastiese Protestantisme uitgevind was òf 'n reaksionêre posisie is wat in respons op negatiewe hoër kritiek gepostuleer was.

Artikel 17

3.17 Ons bevestig dat die Heilige Gees oor die Skrifte getuig, en gelowiges van die waaragtigheid van God se geskrewe Woord verseker.
Ons ontken dat hierdie getuienis van die Heilige Gees in isolasie van òf teen die Skrif werksaam is.

Artikel 18

3.18 Ons bevestig dat die teks van die Skrif deur grammaties-historiese eksegese geïnterpreteer moet word, met inagneming van die literêre vorme en middels, en dat die Skrif die Skrif moet uitlê.
Ons ontken die wettigheid van enige behandeling van die teks of die soeke na die bron daaragter, wat lei tot: die relativering; onthistorisering; òf die onderwysing daarvan buite rekening laat; óf die aansprake op outeurskap daarvan verwerp.

Artikel 19

3.19 Ons bevestig dat 'n belydenis van die volle gesag, onfeilbaarheid, en foutloosheid van die Skrif lewensnoodsaaklik vir 'n gesonde verstaan van die geheel van die Christelike geloof is. Ons bevestig verder dat so 'n belydenis tot toenemende gelykvormigheid aan die beeld van Christus behoort te lei.
Ons ontken dat só 'n belydenis vir saligheid noodsaaklik is. Nietemin, ontken ons verder dat foutloosheid, sonder ernstige gevolge vir beide die individu en die Kerk, verwerp kan word.*

* *Vertaal deur Hein Satlegger, lidmaat van die Gereformeerde Kerk Belville. Die engelse teks van hierdie verklaring is hier beskikbaar: http://www.carm.org/christianity/creeds-and-confessions/chicago-statement-biblical-inerrancy*

# Buytendach, dr. F. W.: Aspekte van die vorm-inhoud problematiek m.b.t. die organiese Skrifinspirasie in die Nuwere gereformeerde teologie in Nederland. 1972. T. Bolland, Nederland.

(Boekbespreking deur prof. SJ van der Walt (Pretoria) - (*In die Skriflig* Jg.7 nr.27 September 1973: 56-62)

Dis vir my 'n eer om 'n paar opmerkinge te maak oor die proefskrif van dr. F. W. Buytendach, Geref. predikant te Lichtenburg, getitel:

"Aspekte van die vorm-inhoud problematiek met betrekking tot die organiese Skrifinspirasie in die nuwere Gereformeerde Teologie in Nederland". Dis uitgegee deur die uitgewers T. Bolland, voorheen H. A. van Bottenburg in Nederland.

Wat opmerklik is, is dat die skrywer vanuit Nederland versoek is om die boek te publiseer en vir 'n groot deel op hulle eie koste. Dit toon hoeveel waarde aan hierdie boek geheg word deur sekere objektiewe instansies buite ons eie kring.

Hierdie werk is reeds in 1969 as 'n proefskrif ingehandig ter verkryging van die doktorsgraad in die teologie by die Potchefstroomse Universiteit. Dit is 'n groot en dik werk wat 460 paginas beslaan en dan kom daar nog die bibliografie by, wat nie minder as 22 bladsye boeke, tydskrifte en ander bronne behels nie. Mens staan verbaas dat dr. Buytendach 'n werk van hierdie gehalte en omvang, wat so deeglik gefundeer is en op so 'n eg wetenskaplike wyse 'n moeilike en ingewikkelde probleem in die teologie bespreek, op 'n betreklike klein plek, afgesonder van bibIioteekgeriewe, in sy studeerkamer die lig kon laat sien.

As 'n mens die werk onder hande neem kan jy die indruk kry dat hierdie boek geskryf moes gewees het in een of ander groot kultuursentrum of in een of ander universiteit waar die skrywer die talryke boeke en tydskrifte maklik in die hande kon kry. Ons moet die skrywer inderdaad gelukwens dat die Here hom in staat gestel het om so 'n magistrale werk tot stand te bring. Hierdie boek is werklik 'n besielde geskrif. Dit gee nie die indruk van koue afgetrokke wetenskaplike bespiegeling oor 'n teologiese onderwerp nie, maar dit is asof die skrywer deur 'n soort garismatiese besieling gedryf was. Hy laat 'n duidelike klank hoor en 'n appel tot die kerk van die Here Jesus Christus uitgaan.

Dis ook opmerklik dat hierdie geskrif juis in die jaar 1969, die eeufeesjaar van ons teologiese skool, afgewerk en ingelewer is. Ek wil dit graag in die eerste plek sien as 'n vrug van die bestaan en werk van die Gereformeerde Kerk en die Teologiese Skool in die afgelope 100 jaar, 'n vrug van God's genade.

In hierdie proefskrif kry ons te doen met die sentrale en fundamentele begronding van alle teologiese arbeid, nl. die Skrif as die onfeilbare Woord van God, waarop ons Gereformeerde Belydenis rus. Dit is van heel besondere belang in hierdie tyd, waarin die belydenis van die kerk ondermyn word deur aanslae wat teen die Skrif gemaak word. Dit is asof die Here dit so beskik het dat die werk en die stryd van ons vaders in hierdie boek bekroon is met 'n klinkende getuienis wat sekerlik sy weerklank oor die wêreld sal vind.

As daar vandag 'n saak is wat die Gereformeerde Kerke oor die aarde in beroering gebring het, dan is dit die Skrifkwessie. Dit raak selfs die Rooms-Katolieke Kerk. Die hele geloof van die kerk van Christus is soos die skrywer van hierdie proefskrif dit uitdruk "in verdrukking gebring". Hierdie boek is meer as 'n tydige wekroep waarvan ons kerk en alle kerke, ook in ons land en elke predikant sal moet kennis van neem. Dan sal ons besef wat die werklike en diepste gevaar is wat ons bedreig, nl. hierdie nuwere teologie, soos vertolk en gepropageer in die Geref. Kerke van Nederland deur sekere leidende figure. Die kerk dryf hulle soos 'n skip sonder anker in die magtige oseaan van apokaliptiese gebeurtenisse wat ons al meer en meer belewe, in 'n stormnag van ongeloof en twyfel en van geestelike en sedelike verval.

Die moderne teologie trek die relatiwiteit en onvolmaaktheid (ongearriveerdheid) van alle menslike bestaan en denke deur tot in die Skrif self. Alles word bevraagteken en kennis in verband met God en sy werke ontken. In die werke van teoloë in ons tyd, kom die vraagteken veel meer voor, as die uitroepteken, bv. by Berkouwer se dogmatiese studies. Die gevolg van die ondermyning van die Skrifgesag is dat daar ook in die Gereformeerde wêreld 'n soort permissiwiteit ingedring het, sodat ons in Nederland 'n toestand vind waar die sluise oopgeruk is vir ernstige dwalinge of afwykinge sonder dat mense daarvoor tot verantwoording geroep word.

Dr. Buytendach stel die hele saak baie sistematies: Eers kortliks die probleem waaroor dit gaan en hoe hy dit wil behandel; daarna bespreek hy kortliks verskillende inspirasie-teorieë, nl. die meganiese, die dualistiese en die dinamiese of persoonlike inspirasie-teorieë; daarna werp hy 'n blik in die geskiedenis om te wys hoe dat die kerk in die verlede gedink het oor die Bybel en in watter sin die Skrif beskou is as die onfeilbare Woord van God; daarna bespreek hy sommige Kerkvaders soos Irenaeus en Augustinus en die Reformatore soos Luther en Calvyn; dan kom hy

nader by ons by wat genoem word die organiese Skrifinspirasie, manne soos C. Hodge, A. Kuyper, H. Bavinck; vervolgens bespreek hy die sg. nuwere teologie. Vooraf verwys hy na en bespreek manne soos Karl Barth en Bultmann. Hoewel hy hulle kort en saaklik behandel is dit tog indringend en bespreek hy hulle prinsipieël en krities.

Daarop volg 'n bespreking vanuit die natuurwetenskaplike oogpunt soos wat by die Ewolusie-leer uitgeoefen het op die hele devaluering en vervlakking van die Skrifgesag. Hier bespreek hy veral die sieninge van J. Lever van die Vrye Universiteit van Nederland. 'n Mens sou wel kan sê dat die verval van die Gereformeerde Skrifbeskouing geskied wanneer die Ewolusie-leer met sy relativering van alles, wat tot die skepping behoort, ook op die Skrif toegepas word.

So kom dr. B. dan uit by wat die kern en wese van sy proefskrif uitmaak, nl. die bespreking van die opvattings van leidende figure in die Nederlandse Geref. Kerke oor die gesag van die Skrif, nl. van N. H. Ridderbos, Th. Delleman, H. A. L. van der Linden, J. L. Koole, H. M. Kuitert, H. Ridderbos, G. C. Berkhouwer en G. P. Hartvelt. Ten slotte sluit hy af met 'n kort terugblik en gee sy positiewe beskouing oor die probleem.

Terloops wil ons net opmerk dat die Nederlandse Gereformeerde teoloë se standpunte dikwels en ook breedvoerig uit hulle werke aangehaal word. Hy sê op p.106 dat hy die metode volg ten einde reg aan die betrokke persone te laat geskied. Hy wou die betrokke teoloë so veel as moontlik self aan die woord stel. Die manne geniet immers internasionale aansien en dit gaan vir dr. B. uiteraard allermins om die persone maar juis om hulle sienswyses wat hy aanhaal. Die skrywer stel die manne soveel moontlik self aan die woord om hulle dus as 't ware uit hulle eie mond te beoordeel en vermy so die gevaar dat gesê mag word dat hy hulle dinge in die mond sou gelê het.

Mens kan natuurlik ook met aanhalings fouteer of dinge aanhaal wat anders bedoel was. Op p. 275 stel die skrywer bv. die siening van wyle prof. L. Berkhof van Amerika, nl. dat ons in die Bybel te doen het met mense (outeurs) wat deur die Heilige Gees gebruik was net soos hulle was, d.w.s. met hulle persoonlike eienaardighede, karakter, temperament, talente en ontwikkeling. Maar dan voeg Berkhof daarby, daar is egter een uiters belangrike beperking, nl. "the Holy Spirit could not permit their sinful nature to express itself".

Volgens hom het die Bybelskrywers, nieteenstaande hul beperkthede, tog elkeen geskryf wat waar is en wat in God's heilige Woord inpas. In 'n voetnoot vergelyk Buytendach dit dan met wat prof. S. du Toit skryf in "Progressive creation", nl. "that the biblical writers in their terminology made use of current notions which are not corrected, but in and through the medium of this language God revealed what He wants to be revealed".

Dit is vir my 'n vraag of Berkhof en Du Toit so presies dieselfde bedoel as wat B. dit hier stel?
Trouens hy laat net daarna volg wat Herman Ridderbos geskryf het, dat van alles wat in die Bybel staan nie gesê kan word dat, "omdat de schrijvers van de Bijbel als openbaringsorganen zich ervan bedienen... nu ook openbaringsbetekenis heeft gekregen".

M.i. lê Du Toit se beskouing meer op die vlak van Ridderbos as die van Berkhof.

Ons kan ook verwys na bls. 306, 307, waar B. sterk kritiek uitoefen op die siening van H. Ridderbos, nl. dat die eerste drie hoofstukke van Genesis 'n soort van terugwaarts gerigte profesie is. B. se dit lyk vir hom of hierdie siening van Ridderbos geinspireer is deur die skeppingsleer van Karl Barth. Daar verwys Buytendach weer na Du Toit se "Progressive Creation" en sê dan dat volgens Du Toit die skeppingsverhaal 'n profeties-visioenêre of protologiese aanduiding gee van dinge wat eintlik voor die geskiedenis plaasgevind het. Dan sê B. daar is tog 'n prinsipiële verskil tussen Du Toit en Ridderbos. Du Toit meen dat ons tog te doen het met feitelike gebeurtenisse. Ek meen dat Ridderbos ook bedoel dat ons met werklike feitelikhede te doen het wat in 'n soort profetiese gewaad ingeklee is.

Dit is dan 'n verdere vraag, wanneer ons Gen. 1 sien as profeties-visioenêre inkleding, waarom sou jy die lyn nie ook saam met Kuitert verder 'kon deurtrek en die sondeval (soos aangedui in Rom. 5) nie maar vertolk as 'n soort "verpakking" waarin die Skrifboodskap na ons toe kom nie? Ons het tog eintlik in Genesis te doen met historiese meedeling aangaande die wordingsgeskiedenis van die skepping en van die volk Israel, soos geteken in die geskiedenis van die aartsvaders.

Ons moet besin op die vraag of ons die skeppingsverhaal maar so kan paralleliseer met die visioenêre tonele van die boek Openbaring, as protologie en eskatologie.

Dr. Buytendach bly deurgaans streng wetenskaplik, ook wanneer hy soms skerp kritiek uitoefen. Hy word nooit persoonlik nie, moontlik 'n onbewuste rede waarom hy so oorvloedig aanhaal. Hy het selfs groot waardering vir die positiewe bydraes van andere soos bv. Berkouwer. Hy sê op bls. 329 "na Kuyper en Bavinck is Berkouwer ongetwyfeld te beskou as die dogmatikus in Gereformeerde teologiese kringe in Nederland".

Hy verwys na Berkouwer se geweldige produktiwiteit en sê: "Dit alles maak duidelik dat hy 'n dogmatikus van internasionale faam is. Die invloed van sy

teologiese arbeid en die waardering daarvoor is onberekenbaar". Van Herman Ridderbos se B. bv. op bls. 237.: "H. Ridderbos is 'n uiters begaafde Nieu-Testamentikus wat reeds internasionale bekendheid verwerf het deur sy teologiese bydraes".

Dit neem egter nie weg nie dat hy op 'n baie duidelike en ondubbelsinnige wyse stelling inneem teenoor dinge wat hy as afwykinge beskou nie. Hy beoordeel iemand soos Kuitert -baie deeglik en krities. Kuitert beklee 'n uiters strategiese posisie aan die Vrye Universiteit en oefen groot invloed uit. Wyle prof. Van Niftrik het gesê dat as Kuitert se opvattinge gemeengoed moet word van die Geref. Kerke in Nederland, hy sy hart vashou.

Kuitert se dwalinge som B. op bls. 155 op. Hy sê Kuitert se idee van die mensvormige Godsbeskouing wat hy in die O.T. inlees waarvolgens die ou Bybelskrywers 'n Hebreomorfe siening van God sou gehad het, sodat God eintlik geteken word na die beeld van die mens met allerlei menslike organe, heeltemal afgewys moet word. Volgens Kuitert was dit geen beeldspraak om van God se oë, ore, mond, hande, voete ens. te praat nie maar het die Bybel-skrywers letterlik so oor God gedink. Hierdie siening van Kuitert se B. is in stryd met Sondag 46 van die Heidelbergse Kategismus (H.K.).

Dat God nie 'n geestelike wese sou wees nie en derhalwe onsienlik is nie, dit is strydig met Art. I van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dat God nie onbegryplik sou wees nie (a la Kuitert), word veroordeel in Art. I en VIII van die N.G.B. en ook in Sondag VIII van die H.K. Dat God nie onveranderlik sou wees nie, sê Buytendach, strook nie met Art. I van die N.G.B. nie en ook nie met Hfst. I van die Dordtse Leerreels nie. B. sê dat Kuitert met sy be-skouings beland by Barth se predestinasie-leer t.o.v. die veranderlikheid van God.

Verder kom Kuitert se beskouing oor die alomteen-woordigheid van God, wat eintlik 'n beperkte teenwoordigheid is, volgens B. nie met Sondag X en XVIII van die H.K. ooreen nie. Dat God nie alwetend sou wees me, stry met Sondag XXXVII en Hfst. I van die Dordtse Leerreels. Volgens B. (p. 360) dwaal Kuitert ook daarin dat hy wel nie soveel woorde nie, maar tog in wese die Triniteit van God sou ontken. Vir Kuitert is dit eintlik nie so dat dit net die tweede Persoon van God is wat die menslike natuur aan-geneem het nie, maar dat God as sodanig gesoek en gevind moet word in die mens Jesus Christus.

Ook hier se B., sluit Kuitert weer sterk aan by Barth, wat erken het dat sy teologie eintlik Sabelliaans is. God bestaan maar net in drie modaliteite. Dit stry duidelik met Art. VIII van die N.G.B. waar ons leer dat nie die Vader of die Heilige Gees vlees aangeneem het nie maar die Seun alleen.

Op p. 167 kritiseer B. vir Kuitert sterk oor sy beskouing dat die Bybel God eintlik na die mens se beeld voorgestel en eintlik 'n menslike (Hebreomorfe) siening van God gee: God is bloot bondgenoot of "partner" en die mens is dan 'n teomorfe wese as God se bondgenoot. Soos die regte mens is, so is God. Volgens B. wis Kuitert die wesensonderskeid tussen God en mens uit. Hy se dat Kuitert baie duidelik onder die invloed van Bultmann staan, by wie teologie en antropologie saamval. Bultmann se: "Die Frage nach Gott und die Frage nach Mirselbst sind identisch".

Met verwysing na Van Ruler se B. dat hy (Van Ruler) tereg gesê het dat Kuitert al die Goddelike kwalifikasies streng binne God se bondgenootskaplikheid beperk het. Hy se dat volgens Kuitert daar g'n ander kennis van God is behalwe die wat deur die subjektiwiteit van mense (Bybelskrywers) heengegaan het nie. Dit is wel Godskennis ja, maar dit is Israel se Godskennis "gesproten uit omgang met God uit een verleden tijd, overgeleverd en tot traditie gemaakt". Ons het dus in die Bybel 'n menslike getuienis aangaande God wat bejeën moet word in die lig van die Israelities-Joodse karakter van "de bijbelsche overlevering".

Hy (Kuitert) sien dus die Skrif as 'n soort menslike fabrikasie, as 'n getuienis van die menslike outeurs daarvan, 'n soort van belydenis of lofprysing van die mens, insover hulle met God as Bondgenoot kennis gemaak het.

Volgens Kuitert kom hierdie menslike getuienis aangaande God tot ons in 'n historiese "verpakking" in 'n sekere kulturele konteks. Hierdie verpakking is nie onfeilbaar nie, maar dra al die kenmerke van die tyd waarin dit geskryf is. Dit beteken nie dat aan hierdie, tydgebonde menslike formuleringe ewigheidswaarde toegeken moet word nie.

Waar B. vir Berkouwer bespreek laat hy sien dat Berkouwer eintlik dieselfde sê t.o.v. die tydgebondenheid van die Skrif, maar by hom gaan dit veral om die "scopus" van die Skrif, wat ons nie allerlei dinge wil meedeel t.o.v. die skepping en geskiedenis nie, maar wat in alles die Christus en sy verlossingswerk aan ons wil voorhou.

Daarom relativeer ook Berkouwer die dinge wat meer op die Periferie, die formele sy, van die Skrif lê en maak ook hy dus net soos Kuitert en die ander die vorm en inhoud van die Skrif ten diepste los van mekaar.

Volgens Berkouwer en Kuitert kry die wesenlike inhoud (die kern) van die Skrif, dit waarom dit eintlik gaan in die Bybel, sy openbaringskarakter ten slotte in die prediking van die heilsboodskap. Daarin spreek God deur die menslik-feilbare organe sy ewige onfeilbare Woord.

In die verband wys Buytendach daarop dat waar en

hoe ook al die Skrif-inhoud en -vorm van mekaar losgemaak word, ons nie alleen die vorm nie maar ook die inhoud verloor.

As ons bv. die verhale van skepping en sondeval as bloot menslike en tydgebonde sieninge relativeer, se B. watter rede is daar dan om dit nie deur te trek tot in die N.T. en bv. ook die opstanding van Christus, saam met Bultmann, te sien as maar die reaksie van die kerk op die dood aan die kruis, sonder enige objektiewe feitelikheid?

Met sy kritiese verwerking van die nuwere Geref. teologie oor die Skrif, sluit B. dan ten slotte af met 'n kort samevatting van die konklusies waartoe hy gekom het en 'n kort aanduiding van sy eie beskouing. Hy meen dat die Skrif is iets "sui generis", dat ons dus die gedagte van die Skrif as die onfeilbaar-geinspireerde Woord van God, ook volgens 2 Tim. 3 : 16, so moet verstaan dat die hele Skrif, sowel na vorm as inhoud, as Goddelik gesagvol moet aanvaar.

B. wil eintlik nie van die geinspireerde Woord praat nie, maar van die geteopneusteerde Woord. Hierdie gedagte werk hy nie breed uit nie, maar hy vrees skynbaar dat die inspirasiegedagte kan lei tot die dinamiese opvatting en hy wil dus liewer die woord behou wat in die aangehaalde teks staan: "Die hele Skrif is deur God geteopneusteer", wat wys dat dit deur God's Gees as die eintlike Outeur van die Bybel, deur menslike bemiddeling aan ons gegee is.

Dit is ten slotte God se Woord en nie mensewoord oor God nie.

B. praat dus van die "organies-verbale teopneustie" van die Skrif. En hy ontken die sg. soteriologiese skopus van die Skrif en meen dit gaan in die Skrif om veel meer as ons heil en saligheid, dit gaan om die eer van God.

Berkouwer se siening is te beperk.

Ons wil dus hierdie boek baie sterk aanbeveel. Dit sal ons oë oopmaak vir die gevaarlike winde wat oorsee ook in Gereformeerde kringe waai.

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 083 660 1578 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com